ESEGIëL 37:1-14 NGK MIEDERPARK 27/6/10
TEMA: KEUSES Ds Okkie Cilliers

'n Bufferplakker op 'n motor het my aan die dink gesit: "*Gaan jy hemel toe of hel toe? Die keuse is joune*." Ons is bang om keuses te maak, want as ons verkeerd besluit kan dit slegte gevolge hê. Maar alles in die lewe is keuses. Daar is dinge wat gebeur wat onverstaanbaar is en eintlik niks aan gedoen kan word nie, maar ek kies hoe ek dit wil hanteer en hoe ek daarmee wil leef. Maartin Luther het die opmerking gemaak dat ek nie kan kies dat die voël oor my kop vlieg nie, maar ek kan kies dat hy nie in my hare nes maak nie. Ek kan nie kies wat met my gebeur nie en ook nie wat ander in my lewe doen nie, maar ek kies wat om daarmee te maak. Ek kies vir bitterheid of vreugde; haat of vergifnis; vervalle wees of hoop; woede of rustigheid…

Wat is geloof? Hoekom glo sommige mense onvoorwaardelik en soos 'n kind, ander is effens godsdienstig is en die meeste glo niks? Beteken geloof iets - wat doen *God* as ek glo; wat doen *ek* as ek glo? Kerkmense het ook 'n naïewe geloof wat maklik gesê word: "Ek glo ek gaan hemel toe want ek glo in Jesus." Mense sê dan ook dat hulle Jesus aangeneem het. Maar ek wonder oor die geloof want by die meeste mense werk dit nie. Dis 'n lewe van val en opstaan en dieselfde goed gebeur oor-en-oor. Niks verander nie en die goed van vandag is dieselfde as gister, verlede week, verlede mand, verlede jaar…!

Esegiël sien 'n beeld en dit gebeur teen 'n spesifieke agtergrond. 'n Magtige man met die naam Nebukadneser het Jerusalem twee keer in 11 jaar ingeval. Die eerste keer het hy nie veel skade aangerig nie, sy eie marionet koning aangestel en almal wat geleerdheid gehad het Babilon toe gevat om in sy administrasie te werk. Die tweede keer het hy die plek verwoes. Esegiël was onder die eerste groep wat Babilon toe gevat is. Daar het die Here vir hom beelde gegee wat hy dan gestuur het aan die mense wat in Jerusalem gebly het en op dié manier het hy vir hulle gepreek. Hy het hulle gewaarsku dat hulle tyd uitloop en dat hulle moet regmaak met God.
Maar die Jode kon/wou nie verstaan wat hy preek nie *want hulle glo* en hulle is het alles in plek. Hoe kon Esegiël (en ook Jeremia) preek van God wat kwaad is en Nebukadneser wat alles sal kom afbreek en doodmaak?! Hulle is God se volk en God is genadig – en God het belowe dat die tempel vir altyd sal bly staan en dat daar vir altyd 'n nakomeling van Dawid op die troon sal sit. Dis nie moontlik dat die dinge kan gebeur wat gepreek word nie want hulle glo – hulle gaan kerk toe, bring offers en hou dis sisteem in stand!

- Maar dinge was nie reg nie en het op 'n verskriklike ramp uitgeloop! Godsdiens en 'n naïewe geloof werk nie!

Teen dié agtergrond sien Esegiël die beeld van die dooie geraamtes. God sien Sy kerk as *baie* droë bene wat op 'n hoop lê en niks beteken nie ten spyte van die dinge wat hulle doen. In die beeld vra die Here of dié droë geraamtes ooit weer lewe kan kry en Esegiël antwoord moedeloos dat dit net die Here is wat dit kan laat gebeur. In die beeld word dan 5 fundamentele dinge genoem wat geloof verduidelik oor hoe God die lewe bring:

1. <u>Alles draai rondom God!</u> Let op hoeveel keer word die woord "Ek" gebruik in verse 12-14. Die Here wil dinge op Sy manier gedoen hê "sodat hulle kan besef dat Ek die Here

is.” *Dit gaan nie oor my en my behoeftes nie, maar om God God te laat wees!!* God gryp in sodat God aan die Woord kan – die klem val op God en alles draai rondom Hom!

God se ingrype het met die gebeure rondom Jesus se menswees, dood en opstanding ‘n hoogtepunt bereik. Hier word stukkende en droë geraamtes *heel en gesonde mense wat uit die graf uit kom.* Ons leef binne ‘n opgebreekte bestaan wat met die sonde gekom het waar die rolle omgedraai is: dit gaan oor my en nie oor God nie. Dis nie lekker om dit te hoor nie want dit gaan teen alle godsdiens in: ons is vasgevang in die dood want ons het die lewe verloor met die sonde – ons is geraamtes! Toe breek God in en word (onverklaarbaar!!) mens in Jesus om die lewe terug te bring. Jesus gaan in die dood in waar die sonde betaal moet word en Hy vat die hel van God se woede saam met Hom daarin. Drie dae later is Hy deur dit en Hy verklaar eenvoudig dat elkeen wat glo dat Hy dit namens hom gedoen het, nooit weer daar sal ingaan nie (Joh 11:25-26). God het ingegepryp en my ‘n lewe gegee en niks kan dit verander nie (Rom 8:37-39).

Geloof is ‘n keuse wat jy maak om met Jesus uit die dood na die lewe te kom. Jy kies om met Jesus te leef of om soos ‘n dooie geraamte op ‘n hoop te lê en op die einde in die hel te beland. Dis ‘n keuse wat jy reeds gemaak het en die maklikste manier om te weet wat jou keuse is, is die antwoord op die vraag: *waar gaan jy heen as jy vandag dood gaan?* As jy Jesus in die lewe gekies het, sal jy leef; as jy dit nie gedoen het nie, sal jy nie leef nie (1 Joh 5:12).

2. <u>Die Woord van God is deurslaggewend.</u> Esegiël kry die opdrag om net te preek wat die Here vir hom sê en sonder om doekies om te draai word dit duidelik dat die lewe net kom as die Woord aan die woord kom: “Hoor die Woord van die Here droë bene… (vers 4) terwyl ek profeet optree… (vers 7)” Sonder die Woord van God is geen lewe moontlik nie want jy word dan uitgelewer aan wat jy voel, glo, hoop en dink wat reg is. Dan gaan dit nie meer oor God nie, maar oor wat jou behoeftes is. Die uiteinde hiervan is tragies want jy gaan die Nebukadnesers van die lewe met dooie godsdiens en ‘n naïewe geloof probeer hanteer en dit sal op jou dood uitloop.

Die impak van God se Woord is dramaties: “Terwyl die Woord van God gepreek word, word ‘n gedreun gehoor.” Sonder die Woord van God is daar ‘n doodse stilte van ‘n hoop geraamtes wat vir God niks beteken nie! Om die sisteem van die kerk in stand te hou en by dinge betrokke te wees, help niks teen Nebukadneser nie. Om met die Woord van God te leef, bring senuwees, murg, vel en been bymekaar en dit gee rigting in die lewe wat meestal onverstaanbaar en baie brutaal kan wees. God het vir ons (onverklaarbaar!) die Bybel gegee as die handleiding om as kind van God te leef (Heb 4:12-13). Met die Woord dreun dit van lewe; sonder die Woord is geraamtes wat rammel!

Geloof is om ‘n keuse te maak om met die Bybel te leef. Wie nie wil kom luister as die Woord van God gepreek word nie, gaan soos die Jode van ouds van die aardbol verdwyn. Wie nie met die Woord van God in sy hart leef nie, gaan met mooi geluide, sterk argumente en baie goeie voornemens die hel binne loop omdat daar geen fondamente in sy lewe is nie. Wie egter met die Bybel leef, sal God se seën ervaar want die Woord van God sê so (Ps 1:2-3).

Hier word senuwees oopgekrap en dinge staan kru uit omdat geloof en ongeloof; geraamtes en lewe radikaal hier van mekaar losgemaak word met die antwoord op ‘n eenvoudige vraag: *waar staan jy met die Woord van God?* Hoe gaan dit met jou stiltetyd? Waar is jy as die Woord van God gepreek word? Hoe preek jy die Woord van God in jou gesin? Gebeur dinge in jou lewe en gesin “terwyl die Woord gepreek word?”

- Jy kies om met die Bybel te leef. As jy te besig , te slim, te modern, te lui is… om dit te doen is jy op jou eie. As die Bybel jou fondament is, sal God by jou staan.

3. Gehoorsaamheid is ononderhandelbaar. Die woorde in vers 7 is opvallend: “Soos ek *beveel* is.” Geloof is om te doen wat die Here vir jou sê – dis nie ‘n emosionele ervaring oor hoe jy oor God, volk, tempel, koning, taal, kultuur en wat ook al voel nie! Dit gaan nie oor jou nie en jy het nie eers ‘n standpunt nie, behalwe dit wat die Woord sê! Jy ontdek nie geloof deur kerk toe te kom en godsdienstige dinge te doen nie, maar om die wil van God te gaan soek, uit die wêreld te klim en dan binne God se grense te leef.

Gehoorsaamheid beteken dat daar dinge is waarvoor jy moet ja sê en dinge waarvoor jy moet nee sê; dinge wat jy moet breek en ander dinge wat jy dan moet doen. Gehoorsaamheid kom nie vanself nie en jy kies om dit te doen. Somtyds kom dit maklik, meestal breek die hel in jou lewe los omdat jy die prins van die hel aanvat in ‘n oorlog wat jou lewe kan kos! Want hy wil nie hê dat jy heilig moet leef nie en beveg dit met alles wat hy het. Dan is dit bevrydend om te weet dat Jesus die hel se hekke uitgeruk het met die oorwinning van Sy opstanding en ek dit saam met Hom kan doen (1 Joh 4:4).

Geloof is ‘n keuse om gehoorsaam te leef. Niemand kan in God se teenwoordigheid kom, die lewe in Jesus beleef en dieselfde bly nie! Ek moet soos Jesus word (Kol 3:10).

- Wat lê die Here op jou hart waarvoor jy moet ja/nee sê? Watter grense is daar wat jy vandag moet oorsteek om soos Jesus te lyk? Wat moet verander?

4. Geloof sonder die Gees van God is dood. Eenvoudig omdat dit godsdiens is wat mense goed moet laat voel maar niks met God te doen het nie. In Esegiël se beeld word die geraamtes oorgetrek met alles wat nodig is en op die oog af het dit ook reg gelyk. Maar dit was nog sonder die asem wat die Gees van God inblaas en morsdood. Die oomblik toe die Here se asem egter inge-asem word, het daar ‘n dramatiese verandering gekom.

Die probleem in Esegiël se tyd en in vandag se gemeente is dieselfde: baie mense en gemeentes gaan deur al die *motions* van kerk en hulle weet nie dat die Gees van God nie daar is nie of lankal weg is! Alles is in plek en die korrekte dinge word gedoen met keurige klere, musiek, taal, preke, geld… maar *God* is afwesig. Die mense doen dieselfde sondes as die wêreld; hulle huwelike is net so vrot; hulle kyk wat die wêreld kyk; skinder en is net so krities en fyngevoelig soos diegene wat God glad nie ken nie… As hulle daarmee gekonfronteer word, is hulle net so onsteld soos die gemeente van ouds in Jerusalem en wonder hoe so iets gesê kan word?! Alles is tog in plek en dinge word korrek en volgens die boek gedoen. Maar God is lankal weg sonder dat hulle dit weet en daar is nie lewe nie want God staan nie in die middel van alles nie. Hulle het goeie voornemens maar het nooit tyd, geld en energie vir God en Sy kerk nie.

Geloof is ‘n keuse om God “in te asem” en die middelpunt van alles te maak. Om met die Gees van God te leef is om in ‘n ander koninkryk te leef – om van die dood na die lewe oor te kom en hier geld ander waardes as waaraan jy gewoond was want alles draai rondom God. Om te glo is radikaal anders as om net teenwoordig te wees, want die lewende God haal deur jou asem. *Dis nie iets wat vanself kom nie en jy kies daarvoor*. Paulus noem dit in 1 Kor 2:7 ‘n “verborge/weggesteekte waarheid” wat ontdek en oopgemaak moet word. Matteus 11:12 sê dat net mense wat hulself “kragtig inspan” (letterlik: gaan inbreek!) kry die koninkryk van God.

- Toets jouself: hoe “span jy jou in” om met Jesus as die Koning van alles te leef? Haal God asem deur jou of lyk jy soos die geraamtes van die wêreld?

5. <u>Sonder die gemeente is geloof dood.</u> Esegiël sien hoe die Gees van God lewe bring en dan staan ‘n “groot menigte” op. Geloof funksioneer binne ‘n groep mense wat God leer ken het en mense wat hulself losmaak van so ‘n groep is dooie geraamtes! Jou gemeente is nie ‘n luukse wat daar vir jou gerief is nie; dis nie uitgelewer aan jou menslike breedsprakigheid/kritiek nie en ook nie die plek waar jy met argumente kan kom oor hoe jy dinge gedoen wil hê nie! Kerk is ‘n gevaarlike plek want dis radikaal waar God aan die Woord kom en Hy lewe in ‘n donker en dooie wêreld wil bring. Dit vra reuse opofferings van elkeen wat glo en daar is eenvoudig nie plek vir middelmatigheid nie!

Geloof is ‘n keuse om in die gemeente waar God jou gesit het te leef. Dis vandag nie ‘n gewilde ding om te sê nie want mense wil dit nie hoor nie omdat kerk nie vir hulle belangrik is nie: of jy leef in God se kerk of jy is dood daarbuite tussen die geraamtes. *Dis nie iets wat vanself kom nie en jy kies daarvoor.*

Geloof is nie om naïef in ‘n opperwese te glo nie. Dis om die lewe in God te ontdek, uit die dood na die lewe se koninkryk oor te kom en dan radikaal anders met God te leef. Dis alles keuses wat jy maak. As jy dit nie doen nie, is die gevolge vir *jouself* tragies want die lewe in Christus sal vir jou weggesteek bly en al wat jy kan doen is om mooi woorde daaroor te kan sê. Die gevolge vir jou *gesin* is net so tragies want dooie geraamtes loop dan oorgetrek met vel van geslag na geslag en sondes en ander grilligerige geraamte-goed word van een geslag na die volgende oorgedra waar kinders hulle ouers se dood erf. Die impak wat dit op ‘n *gemeente* het is net so tragies want die kerk kan die dooie geraamtes daarbuite nie wys hoe God se lewe lyk nie.

- Jesus se stem word stil gemaak deur mense wat sonder keuses wil glo.

Geloof is om radikaal vir Jesus te kies. Dit is die enigste manier hoe God se beloftes ervaar en gesien kan word – vers 14 bevestig dit: “Ek het dit gesê en Ek sal dit doen, sê die Here” So ‘n geloof hou Nebukadneser in Babilon en uit jou Jerusalem en jy sal ontdek “dat Ek die Here is” en die Here sal jou graf oopmaak en jou gesond maak; jou laat terugkom na jou blyplek toe sodat jy dit wat Hy jou gegee het kan geniet onder Sy beskerming en in Sy vrede!
Mag jy dit so beleef. Mag jy dit jou kies.
Amen.